ORANIA SENSUS 2020

September 2021

ORANIA DORPSRAAD

URBAN-ECON
Development Economists

ORANIA
SAKEKAMER

Inhoudsopgawe

1. Voorwoord 2
2. Urban Econ evaluering 4
3. Kaart van Orania 6
4. Kaart van Orania Dorpsgebied 7
5. Bevolkingsgetalle en demografiese inligting 8
6. Besigheidsinligting 10
7. Bou- en konstruksiebedryf 14
8. Onderwys en opleiding 16
9. Ekonomieseontwikkelingsplan 17
10. Belastingbasis 18
11. Openbarekapitaalvorming 19
12. Ondersteuningsbasis 20
13. Klimaat 21
14. Voedselmandjie 22

1. Voorwoord

Mnr Hanri Maritz,
burgemeester van Orania

Orania vestig stewig as alternatief vir Afrikaners

Met die Orania Sensus van 2020 is ons nou vir die eerste keer in staat om met vyf jaar se sensusinligting en statistiek Orania se groei en vordering te beoordeel. Betroubare statistiek stel die Dorpsraad in staat om met groter sekerheid tendense te bepaal waarop strategie en besluitneming gegrond kan word. Deurdat ons nou inligting van vyf agtereenvolgende jare met mekaar kan vergelyk, is dit moontlik om na mediumtermyn beplanning te kyk aan die hand waarvan doelgerigte besluite geneem kan word om Orania te help groei na 'n ware tuiste vir Afrikaners. Hierdie sensus kan in samehang met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) wat vanuit die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) oor die groter Orania-gebied saamgestel en aanvaar is, sowel as die Stadsboumodel wat deur kundiges saamgestel word, gebruik word om op professionele wyse die toekoms te betree.

Soos vorige jare, toon die nuutste sensusopname weer positiewe groei op verskeie terreine en sektore in ons gemeenskap. Orania het ten doel om 'n werkbare alternatief vir Afrikaners daar te stel waar ons kan ontwikkel van dorp tot stad en uiteindelik tot volle selfbeskikking. Voortdurende groei bring hierdie mylpaal telkens nader en binne ons bereik. Orania kan egter nie volhoubaar en ordelik ontwikkel indien behoorlike beplanning aan die hand van betroubare inligting, nie gevolg word nie.

Die jongste sensussyfers is 'n bewys daarvan dat Orania groei ten spyte van uitdagings soos COVID-19 wat die res van Suid-Afrika en die wêreld in 'n meerdere of mindere mate tot stilstand gedwing het. Hoewel ons moet erken dat Orania wel die rimpeleffek daarvan gevoel het en dat 'n aantal sektore skade gelei het, het ons desondanks staande gebly en gegroei. Intussen het die steeds verswakkende politieke-, ekonomiese- en veiligheidsituasie in die res van Suid-Afrika baie Afrikaners laat besef dat Orania inderdaad die enigste blywende alternatief is.

Enkele statistieke wat vermeld kan word uit hierdie sensusopname is die volgende:

- 2020 was die eerste COVID-jaar. Dit blyk dat ons ten spyte daarvan 'n besondere goeie groeijaar beleef het.

- Sou daar na 'n paar sektore en statistieke gekyk word, blyk dit dat 2019 'n "minder goeie" jaar was, maar dat ons weer in 2020 herstel het. Kyk in dié verband na tabelle 5.1 waar die inwonertal met 293 toegeneem het teenoor slegs 171 in 2019. Tabelle 7.1 en 7.2 wys dat die goedkeuring van bouplanne en die geskatte waarde van konstruksie baie goed vergelyk met 2018, terwyl dit in 2019 laer was. Volgens tabel 7.3 het die grootste verhandeling van onontwikkelde aandeelblokke tot nog toe in 2020 plaasgevind, terwyl

2019 'n effense laagtepunt weerspieël. Daar was 'n drastiese toename in ondersteuners van die Orania-gedagte by uitwoners, gemeet aan die ledetal van die Orania Beweging, teenoor 2019 waar daar 'n afplatting in ledetal was (Tabel 12.0).

- Die belastingbasis (gemeet aan diensteinkomste) het toegeneem met Φ1,18 miljoen (Tabel 10.1). Die 13.1% groei is nie omdat die Dorpsraad hoër tariewe vra nie, maar omdat ons ons belastingbasis uitgebrei het deur die toevoeging van meer eiendomme en die toename in huishoudings.

- Kyk na tabel 5.5 wat aandui dat huishoudings sedert 2016 met gemiddeld 14.8% per jaar gegroei het. Die bevolkingsgetal het sedert 2016 met 58% gestyg en in 2020 die eerste keer die 2 000 kerf verbygesteek.

- Uit tabel 6.4 blyk dit dat daar minder tydelike/ seisoenale werkgeleenthede in 2020 was, wat 'n aanduiding kan wees dat dit in meer permanente werkgeleenthede omskep is en waar laasgenoemde met 31.1% gestyg het (Tabel 6.3).

- Sou 'n mens die styging in salarisse (Tabel 6.5) vergelyk met die 7.1% styging van die voedselmandjie (Tabel 14.1) blyk dit dat Oraniërs in 2020 oor die algemeen beter af was.

Die senussyfers dui onteenseglik daarop dat Orania per capita sterk groei in vergelyking met ander dorpe in die Noord-Kaap. Gesonde ekonomiese groei bied aan meer besighede en nywerhede die geleentheid om in Orania te vestig weens gunstiger ekonomie van skaal. Vir die Dorpsraad is dit belangrik om te weet dat die investering wat in infrastruktuur gemaak word, bydra tot gesonde en volhoubare ekonomiese ontwikkeling. Orania vestig homself sterk as die enigste alternatief vir Afrikaners wat nie emigrasie oorweeg nie, maar dit as hul roeping beskou om aan die suidpunt van die Afrika-kontinent te vestig waar ons vir onsself en ons nageslag 'n toekoms kan skep.

2. Urban Econ evaluering

Mnr Eduan Naudè
Urban-Econ

Die betekenis van Orania se ekonomiese aanwysers

Urban-Econ, 'n nasionale konsultasiefirma van ontwikkelingsekonome is reeds die afgelope sewe jaar by Orania se ekonomiese ontwikkeling betrokke. Nie net het Urban-Econ die Dorpsraad van Orania bygestaan in die opstel van Orania se ekonmieseontwikkelingsplan nie, maar die firma is jaarliks betrokke by die opstel van die Orania Sensus. Eduan Naudè gee kortliks sy interpretasie van die Orania Sensus 2020:

1. Bevolkingsgetalle

Bevolkingsgetalle vir die tydperk van 2016 tot 2020 word in Tabel 1 aangedui en toon die verandering in persentasie as gemiddeld oor hierdie tydperk. In vergelyking met die nasionale, provinsiale en plaaslike groei van naburige dorpe, was die groei oor die afgelope vyf jaar beduidend vir Orania en word 'n positiewe vooruitsig vir Orania se ekonomiese groei en ontwikkeling voorspel. Tesame hiermee groei huishoudings teen 14.8% wat 'n goeie aanwyser is vir die vestiging van gesinne, wat weer 'n meer stabiele sosiale struktuur in Orania tot gevolg het, en noodsaaklik is vir ekonomiese groei.

2. Besigheidsinligting

Die aantal geregistreerde besighede met 'n omset van meer as Φ250 000 het met 27.7% toegeneem van 2019 na 2020. Die toename van geregistreerde besighede in 'n area weerspieël die stabiliteit van die ekonomie en die sakevertroue wat beleggers teenoor 'n area ervaar. Nuwe besighede en entrepreneuriese aktiwiteite in 'n area is voordelig omdat dit tot 'n toename in plaaslike indiensneming en inkomste lei terwyl 'n toename in plaaslike belastinginkomste, toegang tot basiese dienste kan verbeter en kan lei tot 'n toename in die werwing van nuwe klante.

Die indiensneming van permanente werknemers toon 'n positiewe groei van 31.1% van 2019 tot 2020. Ongeveer 144 nuwe permanente werkgeleenthede is geskep en kan grootliks toegeskryf word aan die 28 nuwe ondernemings wat in hierdie tydperk gevestig is. Die aantal geregistreerde ondernemings met 'n omset van meer as Φ250 000 het met byna 28% toegeneem van 2019 tot 2020. Die toename in die aantal geregistreerde ondernemings in Orania is 'n belangrike aanduiding van sakevertroue, werkskepping en ekonomiese groei. Indiensneming toon positiewe groei in Orania. Die aantal permanente werkers in dienslewering, handel, konstruksie, vervaardiging, opleiding, en landbouproduktedienste toon ook positiewe groei.

In Suid-Afrika is werksverliese in die tweede kwartaal van 2020 in alle bedrywe aangemeld. Verliese was hoofsaaklik te wyte aan die impak van COVID-19-beperkings en die ekonomiese impak daarvan. Jaar op jaar is werksverliese in alle bedrywe aangetref, wat 'n afname van 671 000 werknemers (-6.6%) in Junie 2020 toon, in vergelyking met Junie 2019. Voltydse poste het kwartaal- tot-kwartaal met 541 000 afgeneem, terwyl 568 000 poste verlore geraak het in vergelyking met dieselfde tydperk in 2019. Ondanks die ekonomiese impak van COVID-19-beperkings en regulasies, het Orania daarin geslaag om groei in permanente indiensneming te handhaaf.

Die gemiddelde salaris per capita wat in ondernemings met 'n omset van meer as Φ250 000 betaal word, het van 2019 tot 2020 met 11% gestyg. 'n Verhoging in die gemiddelde salarisse van 'n area is voordelig vir ekonomiese groei weens 'n verhoging van inkomste

wat lei tot verhoogde besteding van individue, wat op sy beurt weer lei na ekonomiese groei in die relevante area. Verhoogde salarisse is voordelig vir die ekonomie weens die toename van belasting-invordering op hoër salarisse.

Daar is ’n beduidende verbetering in sakevertroue.

3. Bou- en konstruksiebedryf

Bouaansoeke verhoog van 37 in 2016 na 59 in 2019 en 85 in 2020 met ‘n geskatte waarde van Φ68 738 628 in 2020. Dit dui op ’n positiewe ekonomiese omgewing vir inwoners.

4. Onderwys en opleiding

Onderwys is uiters belangrik vir die ontwikkeling van plaaslike vaardighede en ontwikkel ter selfder tyd ’n kompeterende ekonomie. Die aantal leerlinge/studente het met 10.2% toegeneem van 2019 tot 2020. Die toename in die aantal leerlinge/studente kan lei tot ’n toename in ekonomiese produktiwiteit namate die persentasie opgeleide werkers toeneem, aangesien opgeleide werkers verskeie take, wat geletterdheid en kritiese denke benodig, meer doeltreffend kan uitvoer.

5. Ekonomiese ontwikkelingsplan

Die doel van die ekonomiese ontwikkelingsplan is om die kwaliteit van ekonomiese groei te bevorder deur ’n gesonde ekonomiese- en besigheidsomgewing te skep. Hieraan verbonde is daar strategiese projekte geïdentifiseer om groei in die plaaslike ontwikkelingsarea te ontsluit. Projekte wat geprioritiseer word sluit onder andere infrastruktuurontwikkeling, veiligheidsnetwerkontwikkeling, die implementering van ’n energiebestuursplan, ontwikkeling van subekonomiese behuising en tegniese opleiding vir naskoolse studente in. ’n Totaal van meer as Φ180 miljoen is tot op hede geïnvesteer in verskeie projekte.

6. Belastingbasis

Hierdie inkomste word gebruik om die basiese dienste aan inwoners van ’n area te lewer om billike lewenstandaarde te verseker. Die onafhanklikheid van Orania veroorsaak dat die dorp geen kapitale bydrae van die Nasionale Tesourie van Suid-Afrika ontvang nie en hulle moet dus hulle eie inkomste genereer om basiese dienste te lewer. Daar was ’n totale toename in dienste-inkomste van 64% van Φ6.9 miljoen in 2016 tot Φ11.4 miljoen in 2020.

7. Openbare kapitaalvorming

Kapitaalvorming is die huidige produksie en invoer wat gedurende ‘n gegewe jaar nie verbruik of uitgevoer word nie, maar afgesonder word as ’n toevoeging tot sy voorraad as kapitaalgoedere, soos toerusting, gereedskap, vervoerbates en elektrisiteit. Die totale kapitaalvorming het van Φ129 miljoen in 2016 tot Φ367 miljoen in 2020 toegeneem wat ’n gemiddelde jaarlikse groei van 30% beloop. Kapitaalvorming verhoog beleggings wat ekonomiese ontwikkeling op twee maniere positief kan beïnvloed, naamlik die inkomste per capita verhoog die koopkrag wat op sy beurt ’n groter vraag skep en tweedens kan kapitaalvorming lei tot ’n toename in produksie.

8. Klimaat en voedselmandjie

Klimaat kan ’n impak hê op die sosiale en ekonomiese aspekte van ’n bepaalde streek. Die intervalle en intensiteit van uiterste weer kan fabrieke, bedrywighede in die voorsieningsketting en ander infrastruktuur beskadig en kan vervoer ontwrig. Droogte sal water duurder maak, wat waarskynlik die koste van grondstowwe en produksie sal beïnvloed. Droogte kan die voedselopbrengs van ’n gegewe seisoen beïnvloed. Erge reënval kan lei tot potensiële oorstromings wat skade aan geboue en infrastruktuur veroorsaak en dit kan duur wees om te herstel. In 2020 is die meeste reënval vir die afgelope vyf jaar aangeteken met ’n reënval van 456.6 mm. Dit is belangrik om die nodige voorsorgmaatreëls in plek te hê vir die potensiële impak as gevolg van uiterste klimaatwisseling.

Die hoogste maksimum temperatuur het oor die algemeen gedaal van 43.9ºC in 2016 na 37.6ºC in 2020. Die laagste minimum temperature het gedaal na -7.3ºC in 2020 wat die laagste aangetekende minimum temperatuur was vir die afgelope vyf jaar.

Oor die algemeen het die prys van voedsel en ander produkte van 2019 tot 2020 met gemiddeld 7.1% gestyg.

3. Kaart van Orania



Gebiede		Grootte (ha)
Orania Dorpsgebied (VAB)		483,3
Vluytjeskraal 272-hoewes (VLU 272)		2557,7
Vluytjeskraal-Noord (VKN)		285,0

Totale grootte	3326.0

** Nooitgedacht & Biesiesbult word nie op hierdie kaart aangedui nie.*

4. Kaart van Orania Dorpsgebied (VAB)



Woonbuurte in Orania Dorpsgebied (VAB)	
	Orania-Oos (A-blok & B-blok)
	Orania-Wes (A-blok & E-blok)
	Kleingeluk (K-blok)
	Orania Plato (S-blok)
	Nywerheidsgebied (N-blok)
	Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok)

5. Bevolkingsgetalle en demografiese inligting

Inwonerverspreiding

Tabel 5.1: Inwonerverspreiding binne Orania

Woonbuurte	2016	2017	2018	2019	2020
VAB	1083	1155	1308	1464	**1634**
VLU 272	196	239	240	254	**319**
VKN	26	28	54	55	**65**
Kambrolandskap: Nooitgedacht & Biesiesbult *					**48**
Totaal:	1305	1422	1602	1773	**2066**

Gemiddelde groei van inwonertal per jaar:	12,2%

** Inwoners van Nooitgedacht & Biesiesbult (Kambrolandskap Koöperatief) in 2020 bygevoeg.*

Tabel 5.2: Inwonerverspreiding binne Orania Dorpsgebied (VAB)

Woonbuurte binne Orania Dorpsgebied	2016	2017	2018	2019	2020
Orania-Oos (A-blok & B-blok)	440	427	440	459	**504**
Orania-Wes (A-blok & E-blok)	151	154	180	169	**199**
Kleingeluk (K-blok)	312	364	447	569	**608**
Orania Plato (S-blok)	59	61	80	107	**144**
Nywerheidsgebied (N-blok)	8	14	12	9	**11**
Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok)	113	135	149	151	**168**
Totaal:	1083	1155	1308	1464	**1634**

Gemiddelde groei per jaar	10,8%

Tabel 5.3: Groei in Orania-inwonertal sedert 2006



Huishoudingverspreiding

Tabel 5.4: Huishoudingverspreiding in Orania

Woonbuurte	2016	2017	2018	2019	2020
Orania Dorpsgebied	388	471	522	602	**674**
VLU 272	64	83	84	79	**115**
VKN	12	13	25	24	**30**
Kambrolandskap *					**12**
Totaal:	464	567	631	705	**831**

Gemiddelde groei per jaar	

** Inwoners van Nooitgedacht & Biesiesbult (Kambrolandskap Koöperatief) in 2020 bygevoeg.*

Tabel 5.5: Huishoudingverspreiding in die Orania Dorpsgebied (VAB)

Woonbuurte binne Orania Dorpsgebied	2016	2017	2018	2019	2020
Orania-Oos (A-blok & B-blok)	156	166	168	181	**196**
Orania-Wes (A-blok & E-blok)	62	70	72	71	**78**
Kleingeluk (K-blok)	107	160	189	239	**246**
Orania Plato (S-blok)	24	29	37	47	**78**
Nywerheidsgebied (N-blok)	4	6	4	5	**4**
Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok)	35	40	52	59	**72**
Totaal:	388	471	522	602	**674**

Gemiddelde groei per jaar	

6. Besigheidsinligting

Besigheidsamestelling

Tabel 6.1: Aantal geregistreerde besighede in Orania met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000

Besighede	2019	2020	2020*
Aantal geregistreede besighede	101	**129**	290

Gemiddelde groei per jaar	27,7%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Tabel 6.2: Aantal geregistreerde besighede in Orania met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000

Besigheidskategorieë	2020	2020*
Dienslewering	**52**	130
Handel	**40**	97
Konstruksie	**23**	32
Gasvryheid	**5**	17
Vervaardiging	**5**	5
Opleiding	**4**	9
Totaal:	**129**	290

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Werksgeleenthede

Tabel 6.3: Aantal permanente werknemers in diens van besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000

Besigheidskategorieë	2019	2020	2020*
Dienslewering	196	**254**	321
Handel	89	**119**	159
Konstruksie	69	**99**	111
Gasvryheid	6	**5**	17
Vervaardiging	12	**13**	13
Opleiding	64	**80**	83
Landbouprodukte- en dienste	27	**37**	42
Totaal:	**463**	**607**	746

Gemiddelde groei in aantal permanente werknemers per jaar:	31.1%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Tabel 6.4: Aantal tydelike/seisoenale werknemers in diens van besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000

Besigheidskategorieë	2019	2020	2020*
Dienslewering	33	**26**	33
Handel	25	**21**	28
Konstruksie	22	**34**	42
Gasvryheid	0	**0**	3
Vervaardiging	4	**4**	4
Opleiding	12	**5**	10
Landbouprodukte- en dienste	26	**10**	18
Totaal:	122	**100**	138

Gemiddelde groei in aantal tydelike / seisoenale werknemers per jaar:	-18.0%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Tabel 6.5: Gemiddelde salaris per capita betaal deur besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000

Besigheidskategorieë	2019 (ϕ)	2020 (ϕ)	2020 (ϕ)
Dienslewering	124 309	**135 929**	131 530
Handel	76 354	**92 848**	90 079
Konstruksie	54 373	**113 469**	108 519
Gasvryheid	148 333	**104 750**	88 844
Vervaardiging	90 630	**88 784**	88 784
Opleiding	106 826	**122 120**	121 414
Landbouprodukte- en dienste	45 087	**62 076**	62 076
Gemiddelde salaris per capita:	**94 036**	**114 731**	111 651

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Sakevertroue

Tabel 6.6: Sakevertroue van besigheidseienaars van besighede in Orania met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000

Sakevertroue	2019	2020	2020*
Uitstekend	32,9%	**37,8%**	33,6%
Goed	17,7%	**41,8%**	43,5%
Gemiddeld	49,4%	**18,4%**	19,2%
Swak	0,0%	**1,0%**	2,3%
Baie Swak	0,0%	**1,0%**	1,4%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Omset

Tabel 6.7: Omset van besighede in Orania (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000)

Besigheidsomset	2019	2020	2020*
Omset in Ora: 0 - 1,000,000	51,9%	**52,0%**	78,0%
Omset in Ora: 1,000,001 - 3,000,000	25,3%	**27,6%**	12,6%
Omset in Ora: 3,000,001 - 5,000,000	8,9%	**9,2%**	4,2%
Omset in Ora: 5,000,001 - 10,000,000	6,3%	**6,1%**	2,8%
Omset in Ora: 10,000,001 en meer	7,6%	**5,1%**	2,3%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Vooruitsigte

Tabel 6.8: Verwagte groei in omset van besighede (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000)

Besigheidsomset	2019	2020	2020*
Aansienlike toename	24,0%	**19,4%**	20,1%
Matige toename	53,2%	**56,1%**	52,8%
Dieselfde	19,0%	**16,3%**	20,1%
Matige afname	3,8%	**7,1%**	6,5%
Aansienlike afname	0,0%	**1,0%**	0,5%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Tabel 6.9: Verwagte groei in personeel van besigheid (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000)

Personeelgroei	2019	2020	2020*
Aansienlike toename	3,8%	**6,1%**	4,2%
Matige toename	48,1%	**42,9%**	37,4%
Dieselfde	43,0%	**46,9%**	56,1%
Matige afname	3,8%	**4,1%**	2,3%
Aansienlike afname	1,3%	**0,0%**	0,0%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Tabel 6.10: Verwagte groei in belegging & uitbreiding van besigheid (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000)

Belegging & uitbreiding	2019	2020	2020*
Aansienlike toename	20,3%	**14,3%**	14,3%
Matige toename	57,0%	**54,1%**	51,4%
Dieselfde	19,0%	**27,6%**	31,3%
Matige afname	3,8%	**4,1%**	2,3%
Aansienlike afname	0,0%	**0,0%**	0,5%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

Tabel 6.11: Afset van besighede binne Orania (Slegs besighede met 'n jaarlikse omset van meer as Φ250,000)

Persentasie afset binne Orania	**2020 Φ**	2020* Φ
25% en minder	**17,3%**	15,4%
26% - 50%	**12,2%**	11,7%
51% - 75%	**22,4%**	24,3%
76% - 100%	**48,0%**	48,6%

** Besighede onder Φ250,000 omset ingesluit*

7. Bou- en konstruksiebedryf

Bouaansoeke en eiendomsverkope

Tabel 7.1: Bouaansoeke in Orania ontvang

Tipe aansoek	2017	2018	2019	2020
Woonhuis	40	43	38	**38**
Woonstelblok	2	2	5	**2**
Winkel	1	2	0	**2**
Kantoor	1	1	0	**0**
Kerk	0	0	0	**0**
Industrieel	0	1	2	**2**
Infrastruktuur	1	0	0	**0**
Toerisme	1	4	1	**1**
Opvoedkundig	1	1	0	**2**
Aanbouings	19	33	13	**38**
Totaal	**66**	**87**	**59**	**85**

Tabel 7.2: Geskatte waarde van bouplanne in Orania ingedien in Ora (ϕ)

Tipe aansoek	2017 (ϕ)	2018 (ϕ)	2019 (ϕ)	2020 (ϕ)
Woonhuis	29 016 499	34 702 750	31 216 950	**31 050 855**
Woonstelblok	7 980 800	8 706 000	18 629 000	**7 722 000**
Winkel	40 000	2 056 500	-	**4 422 000**
Kantoor	1 099 200	12 200 000	-	**-**
Kerk	-	-	-	**-**
Industrieel	-	15 921	2 800 000	**5 556 800**
Infrastruktuur	110 000	-	-	**-**
Toerisme	777 600	3 875 000	3 200 000	**599 500**
Opvoedkundig	2 984 801	45 500	-	**7 678 000**
Aanbouings	6 981 484	6 481 071	1 855 950	**11 709 473**
Totaal	**48 990 384**	**68 082 742**	**57 701 900**	**68 738 628**

Tabel 7.3: Aantal onontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied (VAB) verhandel

Woongebied	2017	2018	2019	2020
Orania-Oos (A-blok & B-blok)	7	0	2	**1**
Orania-Wes (A-blok & E-blok)	2	3	6	**1**
Kleingeluk (K-blok)	22	10	9	**10**
Orania Plato (S-blok)	10	22	8	**26**
Nywerheidsgebied (N-blok)	4	0	3	**5**
Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok)	6	14	3	**12**
Totaal:	**51**	**49**	**31**	**55**

Tabel 7.4: Waarde van onontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied (VAB) verhandel in Ora (ϕ)

Woongebied	2017 (ϕ)	2018 (ϕ)	2019 (ϕ)	2020 (ϕ)
Orania-Oos (A-blok & B-blok)	1 164 050	-	680 000	**485 000**
Orania-Wes (A-blok & E-blok)	370 000	555 000	2 410 000	**1 035 000**
Kleingeluk (K-blok)	1 545 000	1 290 526	1 215 000	**1 246 000**
Orania Plato (S-blok)	2 180 931	5 542 000	2 313 171	**5 722 433**
Nywerheidsgebied (N-blok)	1 228 900	-	1 202 000	**1 671 513**
Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok)	3 035 000	6 219 000	3 260 000	**7 620 000**
Totaal:	**9 523 881**	**13 606 526**	**11 080 171**	**17 779 946**

Tabel 7.5: Aantal ontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied (VAB) verkoop

Woongebied	2017	2018	2019	
Orania-Oos (A-blok & B-blok)	13	11	9	**10**
Orania-Wes (A-blok & E-blok)	3	1	6	**3**
Kleingeluk (K-blok)	8	8	8	**11**
Orania Plato (S-blok)	4	3	3	**5**
Nywerheidsgebied (N-blok)	4	6	0	**5**
Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok)	6	3	4	**6**
Totaal:	**38**	**32**	**30**	**40**

Tabel 7.6: Waarde van ontwikkelde aandeelblokke in Orania Dorpsgebied (VAB) verhandel in Ora (ϕ)

Woongebied	2017 (ϕ)	2018 (ϕ)	2019 (ϕ)	2020 (ϕ)
Orania-Oos (A-blok & B-blok)	11 492 000	10 561 404	15 034 931	**9 638 691**
Orania-Wes (A-blok & E-blok)	4 069 000	2 109 000	4 178 820	**2 575 000**
Kleingeluk (K-blok)	4 016 121	3 832 500	3 770 000	**4 838 500**
Orania Plato (S-blok)	4 791 201	2 335 000	4 600 000	**9 928 276**
Nywerheidsgebied (N-blok)	4 159 640	2 660 000	-	**6 822 999**
Dorpshoewes / Oewergebied (H-blok)	6 937 572	4 197 900	6 300 000	**13 468 404**
Totaal:	**35 465 534**	**25 695 804**	**33 883 751**	**47 271 871**

8. Onderwys en opleiding

Samestelling

Tabel 8.1: Aantal leerlinge/studente in Orania (Kortkursusse uitgesluit)

Instelling	2016	2017	2018	2019	2020
Orania CVO-skool	206	224	236	281	**315**
Volkskool Orania	57	99	112	139	**139**
Huppelkind Dagsorgsentrum	42	52	64	75	**66**
Bo-Karoo Opleiding	4	15	21	50	**73**
Ander*	3	11	2	6	**14**
Totaal	**312**	**401**	**435**	**551**	**607**

Gemiddelde groei per jaar:	18,1%

** Nota: Insluitend Excellencia Haar Akademie & Technik Akademie*

9. Ekonomieseontwikkelingsplan (EOP) (2016 - 2020)

Vordering

Tabel 9.1: EOP (2016 - 2020) volgens prioriteit; vordering tot 31 Desember 2020

Projeknaam	Begroting (ϕ)	Geïnvesteer tot op hede	% Voltooi
Stedelike beplannings- en ontwikkelingskantoor	9 600 000	5 078 834	**53%**
Infrastruktuurontwikkeling	15 300 000	3 312 789	**22%**
Nywerheidskorwe	12 000 000	12 000 000	**100%**
Onderwysontwikkeling op skoolvlak	26 200 000	10 811 920	**41%**
Tersiêre opleiding (Akademia)	-	-	**0%**
Nuwe woonerwe in Robynlaan	1 000 000	1 000 000	**100%**
Breëbandinternet (Telkom)	-	73 955	**100%**
Tegniese opleiding vir naskoolse studente	13 000 000	18 753 079	**144%**
Nuwe woonerwe by Karoosig	8 000 000	14 199 552	**177%**
Werksaamhede van die Orania Beweging	22 200 000	22 574 889	**102%**
Subekonomiese behuising	10 000 000	46 526 820	**465%**
Gedienste nywerheidspersele	5 000 000	706 026	**14%**
Subekonomiese woonerwe in Kleingeluk	3 000 000	3 497 062	**117%**
Kantoorblok	10 000 000	7 210 585	**72%**
Werf van beleggers vir die Orania Groeifonds	2 000 000	-	**0%**
Ontwikkeling van gemeenskapsgeriewe	6 700 000	7 097 900	**106%**
Grootmaatinfrastruktuur	16 500 000	5 387 706	**33%**
Energiebestuursplan	5 000 000	112 910	**2%**
Verdere nuwe woonerwe	6 000 000	654 710	**11%**
Sakekern en woon-2 erwe	4 000 000	-	**0%**
Stadsplein*	6 000 000	9 978 101	**166%**
Veiligheidsnetwerkontwikkeling	1 800 000	11 778 950	**654%**
Totaal	**183 300 000**	**180 754 950**	**99%**

** Nota: Stadsplein verwys na die ontwikkelings rondom die sirkel by Orania Gemeenskapsveiligheidsentrum, Duiker en Karoosig Aftreeoord.*

10. Belastingbasis

Dienste-inkomste: Orania Dorpsraad

Tabel 10.1: Dienste-inkomste in die Orania Dorpsgebied (VAB) in Ora (ϕ)

Inkomstekategorie	2016 (ϕ)	2017 (ϕ)	2018 (ϕ)	2019 (ϕ)	2020 (ϕ)
Algemene heffing	3 263 667	3 693 028	4 202 858	4 776 896	**5 433 793**
Elektrisiteitsheffing	516 760	594 016	712 199	831 132	**904 699**
Rioolheffing	190 342	209 155	241 650	281 699	**318 076**
Vullisheffing	544 776	599 437	686 284	787 845	**886 275**
Veiligheidsheffing	32 498	397 706	448 298	508 783	**582 258**
Waterheffing en verkope (netto)	389 128	331 386	431 454	395 449	**541 338**
Elektrisiteitsverkope (netto)	2 060 137	2 151 443	2 259 375	2 697 067	**2 795 980**
Totaal	**6 997 308**	**7 976 171**	**8 982 118**	**10 278 872**	**11 462 417**

Gemiddelde groei per jaar:	13,1%

11. Openbare kapitaalvorming

Kapitaalvorming

Tabel 11.1: Kapitaalvorming binne Orania in Ora (ϕ)

Entiteit	2016 (ϕ)	2017 (ϕ)	2018 (ϕ)	2019 (ϕ)	2020 (ϕ)
Orania Groeikrag (Edms) Bpk	8 130 501	9 584 839	11 209 741	14 311 081	**16 251 907**
Orania Groeifonds Beperk	14 085 460	17 999 584	21 358 107	21 240 898	**22 748 021**
OSK Koöperatief Beperk	106 873 379	138 844 960	146 564 389	188 480 556	**244 807 611**
Orania Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk	-	10 226 023	11 226 023	11 752 123	**13 395 343**
Orania Saambou (Edms) Bpk	-	-	3 498 994	9 358 710	**28 537 635**
Gannabos Behuising (Edms) Bpk	-	10 340 000	22 590 000	34 500 000	**41 715 527**
Totaal	**129 089 340**	**186 995 406**	**216 447 254**	**279 643 368**	**367 456 044**

Gemiddelde groei per jaar:	41,7%

12. Ondersteuners van Orania

Ondersteunersbasis

Tabel 12.1: Ledetal van die Orania Beweging

	2016	2017	2018	2019	2020
Orania Beweging: Ledetal	3821	5140	5197	4701	**6332**

Gemiddelde groei per jaar:	13.5%

13. Klimaat

Tabel 13.1: Reënval, laagste temperatuur en hoogste temperatuur in Orania

	2016	2017	2018	2019	2020
Jaarlikse reënval (mm)	183,6	361,2	212,4	216,2	**456,6**
Laagste minimum temperatuur (°C)	-3,2	-5,3	-4,5	-4,0	**-7,3**
Hoogste maksimum temperatuur (°C)	43,9	39,8	41,0	39,2	**37,6**

** Amptelike statistiek is voorsien deur Suid-Afrikaanse Weerdiens*

14. Voedselmandjie

Samestelling

Tabel 14.1: Orania voedselmandjie

Produk	2019 (ϕ)	2020 (ϕ)
Frisco koffie: 250g	35,99	**35,99**
Rooibostee: 40 sakkies	31,99	**31,99**
Suiker: 1kg	20,99	**22,99**
Langlewe melk: 12ℓ	167,88	**170,04**
Morvite / growwe mieliemeel: 2kg	23,99	**29,99**
Eiers: 36	70,00	**73,98**
Maalvleis: 8kg	719,92	**799,92**
Macaroni / Spagetti: 4kg	115,92	**115,92**
Sout: 125g	13,99	**15,99**
Peper: 50g	30,99	**30,99**
Tamatiesous: 700ml	31,99	**34,99**
Blatjang: 470g	31,49	**32,99**
Tuna in soutwater: 1,36kg	127,92	**155,92**
Sonneblomolie: 750ml	19,99	**21,99**
Appels: 1,5kg	26,99	**26,99**
Bruinbrood: 14	104,86	**104,86**
Stork margarien: 1kg	42,49	**42,49**
Tamaties: 1kg	24,99	**19,99**
Uie: 1kg	21,99	**21,99**
Aartappels: 1kg	9,99	**10,99**
Gemengde gevriesde groente: 1kg	35,99	**37,99**
Kaas: 300g	33,00	**33,00**
Toiletpapier: 12	62,38	**62,39**
OMO waspoeier: 1kg	46,99	**46,99**
Badseep: 2	24,98	**25,98**
Tandepasta: 2	23,98	**27,98**
Sjampoe: 350ml	23,99	**26,99**
Handeroom: 200ml	23,99	**25,99**
Totaal	**1 949,66**	**2 088,31**

Gemiddelde verhoging per jaar:	7,1%

Die voedselmandjie is saamgestel en word maandeliks deur die Orania Landbouvereniging bygehou.

Notas

Notas

Orania Dorpsraad

Tel: 053 207 0063/4

Faks: 086 531 7129

Olienhoutrylaan 1

Posbus 115 Orania 8752

e-pos: dorpsraad@orania.co.za

*Gedruk deur **SwiftPrint**, Kimberley, 053 839 2900*